




## Bybel Blokraai - Mei 2013



### Tema: Handelinge

#### Dwars

2. Petrus en Johannes was ongeleerde en \_\_\_\_\_ mense.

10. In Jerusalem was 'n vergadering gehou oor dat daar mense geredeneer het dat slegs \_\_\_\_\_ gered sal word.
11. Waarvan is Paulus aangekla voor Feliks?
14. Filippus het 4 dogters gehad met hierdie gawe.
17. Paulus was ook \_\_\_\_\_ magtig. Leidraad: 'n Taal.
21. Wat was Paulus se adres in Damaskus nadat hy deur die Here geroep is?
22. Hy bring die verlossing en niemand anders nie.
24. Die nuwe 12de apostel.
25. 'n Wind in die omgewing van Kreta.
26. Waar is die gelowiges die 1ste keer Christene genoem?
27. Die skip waarop Paulus skipbreuk gely het, is ligter gemaak deur hiervan ontslae te raak.
28. Wie was een van die 1ste diakens wat later gestenig is.

## Af

1. Athene was volop hiervan.
3. Een van die nasies onder die son.
4. Paulus en Barnabas was in Listra as gode aangesien. Bulle en \_\_\_\_\_ is deur die priester gebruik om aan hulle te offer.
5. Tydens watter fees is Petrus deur Herodes gevange geneem?
6. Bloedgrond.
7. Hy was teenwoordig ten tye van Stefanus se dood en sou later homself bekeer.
8. Hy wou die gawe van God met geld koop.
9. Wie het vir Paulus en die kommandant gaan waarsku oor die komplot van die Jode teen Paulus?
10. Paulus het dit deur geboorte gekry, maar die kommandant nie.
12. Vir hoeveel maande lank het Paulus in Korinte gebly?
13. In sy huis het Petrus besef dat God, 'n God is vir alle volke.
14. Die 3de dorp/stad waarby aangedoen is tydens die 1ste sendingreis van Barnabas en Saulus.
15. Op watter eiland het Paulus 'n byt oorleef?
16. Hier het Petrus 'n toespraak gemaak. Dis ook na Salomo vernoem.
18. Wat was Lidia se beroep?
19. Sy het voor Petrus dood neergeval.
20. Siektes is met hierdie kledingstukke van Paulus genees.
23. Hy het 3 vloere ver na sy dood geval, maar is deur Paulus opgewek.